Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Almaret du Toit**
Direktoraat: Kurrikulum AOO
almaret.dutoit@westerncape.gov.za | 021 467 2172

Lêerno.: 21/2/5/2
Verwysing: 20241204-9101

Kurrikulum AOO-minuut: 0009/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs vir die Grondslagfase, Prinsipale en Departementshoofde van gewone openbare skole

**Onderwerp: Die bestuur van leerverliese – versterk die leer van Taal en Wiskunde in die Grondslagfase**

1. Hierdie minuut verskaf verdere leiding en rigting oor die kurrikulumherstelplan vir die Grondslagfase in 2025.

2. Die COVID-19-pandemie het ongekende ontwrigting aan onderwysstelsels oor die hele wêreld heen veroorsaak. Een van die gevolge van die pandemie was dat onderrig- en leertyd verminder is, en dit het tot beduidende leerverliese gelei. Talle wêreldwye en plaaslike verslae bevestig die verreikende verliese en risiko's, onder meer die volgende:
    - *How is the COVID-19 pandemic affecting educational quality in South Africa?*, 2020, deur Martin Gustafsson en Carol Nuga;
    - Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) se *Systemic Diagnostic Report*, 2022;
    - WKOD se *Systemic Diagnostic Results Report*) 2022; en
    - *Learning losses from COVID-19 in the Western Cape, 2019–2021,* deur Servaas van der Berg, Ursula Hoadley, Jaamia Galant, Chris van Wyk en Bianca Böhmer van die navorsingsgroep oor sosio-ekonomiese beleid van die Universiteit Stellenbosch.

3. Hierdie verslae toon gesamentlik dat 'n daling in vlakke van leer grootliks in die Grondslagfase voorgekom het, en dat Wiskunde en lees die meeste geraak is.

4. Die WKOD het 'n meerjarige kurrikulumherstelbenadering geïmplementeer om die impak van COVID-19 op leer en onderrig te verminder.

5. As deel van die meerjarige kurrikulumherstelbenadering, is bykomende tyd aan Wiskunde en Taal in die Grondslagfase toegeken.


wcedonline.westerncape.gov.za
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 819 919 | Veilige Skole: 0800 45 46 47
Wes-Kaapse Onderwysdepartement

6. Dit is in Kwartaal 3 en 4 geloods en skole is in 2022 hiervan in kennis gestel via Kurrikulum AOO-minuut 0008/2022, gedateer 19 Julie 2022.

7. Hierdie bykomende tydstoekenning is gemonitor en hersien. 'n Opname is ook via Kurrikulum AOO-minuut 0011/2022 van 07 November 2022 aan skole gestuur om terugvoering van opvoeders te bekom oor die pad vorentoe.

8. Altesaam 55% van skole het die opname voltooi, waarvan 94% van die respondente aanbeveel het dat die bykomende tydstoekenning in 2023 voortgesit word.

9. Die model van bykomende tyd in die Grondslagfase om leerverliese te herwin, is by die raad van onderwysministers ter tafel gelê, wat die implementering van bykomende tyd om hierdie verliese te herwin, goedgekeur het.

10. Omsendbrief S5 van 2023, gedateer 12 Februarie 2023, is deur die Departement van Basiese Onderwys uitgereik om provinsiale onderwysdepartemente in kennis te stel van die bykomende tydstoekenning in die Grondslagfase (raadpleeg Bylae A).

11. Die bykomende tydstoekenning vir Wiskunde en Tale in die Grondslagfase is daarom tot aan die einde van 2024 geïmplementeer.

12. Hierdie minuut dien om u in kennis te stel dat daar in 2025 voortgegaan sal word met die implementering van 'n bykomende tydstoekenning vir Wiskunde en Taal in die Grondslagfase.

13. Daar word van skoolbestuurspanne en departementele hoofde in die Grondslagfase verwag om voort te gaan om opvoeders te ondersteun en die proses te monitor.

14. Prinsipale word versoek om hierdie minuut onder die aandag van alle Grondslagfase-opvoeders by hul skole te bring.

**GETEKEN:** BJ LORISTON
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2024-12-06